



KANSELIERSMEDALJE

Esthea Kruger

Magister in die Musiek, cum laude, 2009

ESTHEA KRUGER, WAT IN MAART 2009 DIE GRAAD MAGISTER IN DIE MUSIEK MET LOF BEHAAL HET, IS DIE UNIVERSITEIT SE KANSELIERSMEDALJEWENNER VIR DIE VERSLAGJAAR. DIE MEDALJE WORD JAARLIKS AAN 'N FINALEJAAR- OF NAGRAADSE STUDENT TOEGEKEN VIR UITMUNTENDE AKADEMIESE PRESTASIE .

Die graad is voorafgegaan deur vier jaar van studie waartydens sy 'n akademiese prestasie van 87,23% deurlopend gehandhaaf het. Hiervoor is sy in 2009 met die Rektor se Toekenning vir Uitnemende Prestasie beloon. In 2006 het sy die beste gemiddelde persentasie in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe behaal. Dit is dieselfde jaar waarin sy die BMus-graad cum laude verwerf het. Wat hierdie suksesse van me Kruger so besonders maak is dat sy spesialiseer in die uitvoerende kunste – 'n gebied waar hoë onderskeidingspunte ongewoon en selfs uitsonderlik is.

Me Kruger se pad van akademiese uitnemendheid het reeds met haar hoërskoolloopbaan begin. Sy is as die Dux-leerling van die Hoër Meisieskool Bloemhof vir die jare 2001 tot 2003 aangewys. Van haar ander toekennings is die tweede plek op die Wes-Kaapse Merietelys vir die Matriek Senior Sertifikaateksamen en Beste Presteerder in Addisionele Wiskunde in die Wes-Kaap.

Haar voortreflike akademiese prestasies is voortgesit in haar studiejare aan die Universiteit Stellenbosch. In 2005 en 2006 is die US Merietebeurs vir 'n akademiese gemiddelde van 85%+ en 90%+ onderskeidelik aan haar toegeken. In 2007 het sy onder meer die FAK Senior-beurs en Akademiese Erekleure vir 'n akademiese gemiddelde van 88% (*die beste in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe*) ontvang. In 2009 is sy met die US Medalje vir die Beste Meestersgraadstudent van 2008 in die Fakulteit beloon.

Me Kruger se uitsonderlike talent, toewyding en akademiese prestasies is ook buite die Universiteit Stellenbosch raakgesien. In 2008 het sy die algehele eerste prys in die ATKV-Muziq Nasionale Kompetisie vir Klassieke Kunstenaars ingepalm en in 2007 het sy die tweede plek in die Unisa Nasionale Klavierkompetisie behaal. In 2006 is sy as die Mees Belowende Student by die Stellenbosch Internasionale Klavier-simposium aangewys – dieselfde jaar waarin sy die Lionel Bowman Beethoven-kompetisie gewen het.

Buiten haar akademiese bedrywighede was me Kruger in 2006 die studente-organiseerder van die Stellenbosch Internasionale Klavier-simposium én die hoof-organiseerder van die Stellenbosch Nasionale Ensemble-kompetisie.

Volgens haar studieleier het me Kruger grootliks onafhanklik aan haar magistertesis, getiteld *An analysis of Priaulx Rainier's Barbaric Dance Suite for Piano*, gewerk. Haar navorsing behels die bemeestering van 'n komplekse analitiese sisteem en die toepassing daarvan op 'n stuk musiek wat nie voorheen aan analitiese druk onderwerp is nie. Me Kruger se beheersing van hierdie komplekse metode, haar aanbieding daarvan in toeganklike taal en haar oorspronklike en gesofistikeerde gevolgtrekkings beteken dat die tesis 'n aantoonbare dissiplinêre bydrae verteenwoordig.

Me Kruger studeer tans in die VSA waar sy vir die Doktorsgraad in die Kunste aan die Universiteit van Noord-Texas ingeskryf is.